

Uitgediende inperking het sy doel gedien

Uit die parlement

Jan-Jan Joubert



Die huidige staat van inperking is 'n moeilike kwessie om as verantwoordelike landsburger te hanteer.

Dit was waarskynlik noodsaaklik toe dit afgekondig is, want die land was nie voldoende voorbereid wat mediese geriewe betref nie, en 'n groot deel van die bevolking was oningelig oor die aard en bedreiging van die virus.

Boonop was die virus aan die begin van die inperking grootliks 'n hoër- en middelklassiekte en was dit belangrik om die verspreiding daarvan na die werkersklas en

werklose klas te vertraag.

Dit was altyd 'n tydelike maatreël, en was aanvanklik suksesvol en gewild, behalwe aan die liberatynse uiterstes van die politieke spektrum.

En soos die indrukwekkende epidemioloog prof. Salim Abdool Karim reeds weke gelede uitgewys het, is die voordeel wat die regering probeer behaal het, behaal.

Die situasie het verander, en wanneer situasies verander, moet regerings vlugvoetig aanpas. Statistieke toon die inperking het sy doel gedien. Sondag het ons deur die vlak van 10 000 Covid-19-gevalle gebars, wat 'n toename van 595 gevalle op die vorige dag is.

As jy kyk na die daaglikse opdaterings vergeleke met ander lande, wys dit ons maak spoedig opgang

op die ongelukkigste van ranglyste – die Wêreldgesondheidsorganisasie se ranglys van Covid-19-gevalle. Daar lê ons nou 44ste.

Die lande onmiddellik bo ons op die ranglys is Serwië, wat Sondag 82 nuwe gevalle aangeteken het en op 10 114 staan, die Dominikaanse Republiek met 10 347 gevalle, waarvan 465 Sondag nuut was, Denemarke met 10 513, waarvan 84 nuut was, en Suid-Korea op 10 919, met 35 nuwe gevalle. Ons is eersdaags in die top-40 van die treffersparade, waarop niemand wil wees nie.

Die punt is dat die virus tans vinniger hier versprei as in lande

met vergelykbare getalle gevalle. Dit beteken die inperking het sy verdragingsdoel gedien.

'n Mens weet ook die land het behoorlik voorberei wat veldhospitale ensovoorts betref. Dus raak dit nou tyd om aan te beweeg.

Dit help nie jy trek pasiënt Suid-Afrika warm klere aan en gee haar vitamieene terwyl jy die bloedtoevoer na haar ledemate afsny nie. Dit is wat gebeur met die ekonomie – dit sterf terwyl die gesondheidsowerhede floreer.

Dis 'n fout om ekonomie en gesondheid te jukstaponeer, want hulle is deel van dieselfde liggaam. Jy moet nie die een doen en die



Ons moet nou terugkeer na 'n vrye demokrasie en vrye ekonomie.

ander nalaat nie – balans is uiteraars belangrik.

In April het 65 000 werkgewers wat in April 2019 belastingbetalers was, geen belasting betaal nie omdat hulle geen inkomste gegeneer het nie. Die bykomende werklikheid is dat hulle verminderde salarisse betaal het. En nóg 87 000 werkgewers het minder belasting in April betaal as in April 2019.

In die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie is vryheid belangrik. En saam met vryheid kom verantwoordelikheid, ook vir jou gesondheid. Die kille syfers bewys die inperking het sy edele doel gedien, en is nou uitgedien.

Ons moet terugkeer na 'n vrye demokrasie en 'n vrye ekonomie. ■ **Joubert is 'n onafhanklike kommentator en skrywer.**